**Woensdag Brief 23 September 2020**

Gegroet uit die pastorie

Die lewe is ’n opvoering en ons is die akteurs. Wat maak dan dat mense dinge doen wat hulle pes? Soos byvoorbeeld om vir iemand in nood en in die verbygaan te sê ‘ek bid vir jou’. Sus ons ons gewete of speel ons die speletjie ‘*make believe’*? Wat maak dat mens duidelik sien dat ’n vrees vir iets al te maklik juis dit skep wat gevrees word? Waarom nie dieselfde neiging in die positiewe benadering aanleer nie? Hoekom floreer die nuusmedia op moord en doodslag en korrupsie en haat en nyd? Dit is al oor en oor bewys dat enige nuusblad wat fokus op die positiewe ten gronde gaan – waarom?

Miskien is die antwoord iewers versteek in die wysheid dat mense makliker hulleself kan wees agter ’n masker, as daarsonder? Dalk is die verklaring te vinde in die mens se behae in rolprente en sepies waar die lewe beleef word, maar jou nie direk beïnvloed nie. Of so dink jy. In sulke rolprente kan jy dinge beleef wat jy begeer of haat sonder dat jy betrokke is. Is ons dikwels te bang om die lewe te waag, maar ons wil dit wel tog belewe – so asof ’n skynwerklikheid? Skynwerklikhede, ook genoem virtualiteite, is soos rekenaarspeletjies wat baie mense baie diep en baie maklik inslurp selfs tot verslawing toe – skynwerklikhede word baie werklik beleef.

Miskien is die kap agter hierdie byl dat mens gelyktydig op twee vlakke lewe – die sigbare en die onsigbare, die objektiewe en subjektiewe. Ons praat mos almal met onsself. Wie praat met wie as jy so met jouself ’n gesprek voer? Is dit dalk jou siel en jou gees wat debat voer – jou liggaam voer mos net opdragte uit soos om te praat en te luister en te kyk en te ruik en te voel. En waarvandaan kom jou gewete en intuïsie en die gevoel wat jy het oor dinge? Is daar een jý sigbaar en die ander jý versteek? Is jy dalk gesplete - soos Paulus stel dat die gees gewillig is, maar die vlees weer swak.

Deesdae word meer en meer voorgestel dat elke mens in selfbewustheid op drie vlakke voort woel: Bo-bewustheid wat brein-intelligensie is; die onderbewuste gewoonteprogram wat al daai gewoonte-dinge outomaties doen soos jou hartklop en motorbestuur; en ’n superbewustheid wat gelees kan word as spiritualiteit. Dis ’n duidelike opklaring van hoe die mens funksioneer, maar dié verduidelikings delf diep. Navorsers het al ontdek dat elke sel in jou liggaam ook beïnvloed word op hierdie drie vlakke en so iets maak Pandora se boks wyd oop.

Dit kom daarop neer dat dit wat jy beleef, soos byvoorbeeld dat ’n leeu jou jaag, óf dit nou regtig is, óf net in ’n droom of in ’n digitale speletjie, deur jou as werklik-werklik ervaar word. Of jy nou ’n sepie kyk waar iemand iemand verneuk, of hoe iemand geskiet word in ’n rolprent en of jy dit regtig sien gebeur, maak nie saak nie – jy absorbeer dit en reageer op al die vlakke van jouself asof dit regtig gebeur. En indien genoegsame kere word die reaksie deel van jou onderbewuste en sodoende deel van jou persoonlikheid.

Die insigte breek ook nuwe perspektiewe van die lewe oop. Die veld van epigenetika wys byvoorbeeld dat jou genoom, dit is jou gene-samestelling, die bloudruk van jou biologie en gedrag is, eerder as geykte oorerwingsdrif soos algemeen geglo word. Dit beteken in eenvoudige taal dat jou reaksie op belewinge deur wat jy glo en beleef ’n chemiese / elektriese opdrag na jou genetiese onderbou stuur om daarvolgens wat ook al nodig is, te ontplooi. Jy kan jou onderbewussyn dit outomaties laat doen, of jy kan jou reaksie met jou bo-bewussyn na willekeur bestuur as jy wil. Die bo-bewussyn kry altyd die voorkeur, maar die onderbewuste geskied by verstek.

Epigenetika wys vir ons dat wat jy innerlik glo óf uiterlik ervaar beide ’n groot impak op jou lewe het. Beide wat jy glo en wat jy beleef is sake waaroor jy seggenskap het. Dit beteken ook dat om te verander, jy jou oortuigings en blootstelling moet verander. Dit is jou keuse en verantwoordelikheid. Dit word des te meer belangrik as jy weet dat kinders van voor geboorte tot omtrent sewe jaar oud se gedrag en oortuigings gevorm word slegs vanuit die boodskappe waaraan hulle blootgestel word – m.a.w. hulle word geprogrammeer deur hulle belewinge wat hulle gebied word. Dit help dus baie om vir Jesus na te aap want dit bied die data vir die beste onderbewuste programmatuur.

Én vanuit hierdie insigte kom ook die antwoord waarom ons baie keer dinge doen wat ons pes – ons onderbewuste is so programmeer en dit is vir ons versteek en is net sigbaar in die vrug van ons gedrag. Die oplossing is om eers te ontleer en dan na wil en oortuiging ’n nuwe program in jou onderbewussyn te vestig. Daarmee help jou superbewussyn jou deur idees en inspirasie en entoesiasme wat jy intuïtief aanvoel en soms ervaar as jou gewete. In godsdienstige milieu is dit wat bedoel word met bevryding en verlossing. Navorsers het reeds ’n dekade of wat terug ontdek dat elke selwand antennas het wat boodskappe van buite die biologie kan ontvang – wat dan ook iets verklaar van spiritualiteit, maar aangesien elkeen se ontvangs anders is, bied dit ook die basis dat elke mens uniek is al is die gene-materiaal byna 100% dieselfde.

Dus: Die lewe ís ’n opvoering waarvan die naam *Die Werklikheid* is. Die opvoering is uitgedink en word geregisseer deur die *Groot Gees*. En jou toneelspel is jou reaksie daarop. En die gehoor is al die mense wat jy raakloop, maar eintlik speel jy ten hemele.

Mooiloop tot volgende keer.

***Ds. Jan***